



Hou die Christus in Christenskap

Hou die **Christus** in **Christenskap**

© **1994 HeavenReigns.com**

Revised 1999, 2007

You may reproduce this document only if:
1) you alter nothing, including this notice, and
2) you give it away for free. "Freely you have
received, freely give."

Scripture taken from the HOLY BIBLE, NEW
INTERNATIONAL VERSION®. Copyright © 1973, 1978,
1984 International Bible Society. Used by permission
of Zondervan. All rights reserved.

Die Getuienis van Jesus

’n Ontploffing!

Daar is geen ander manier om dit te beskryf nie. Daar het ’n boodskap ontspring uit ’n stowwerige, half-vergete hoekie van die Romeinse wêreld. Eenvoudige manne en vroue het hierdie boodskap verkondig deur die woorde van hulle mond, die bloed van die Lam en deur hulle weiering om hulle eie lewens lief te hê. Hulle getuienis het vure dwarsdeur die ryk aangesteek ten spyte van vasbeslote pogings om die vlamme te blus. Die woord is kragtiger as die swaard bewys, en die wêreld was nooit weer dieselfde nie.

Wat was hierdie boodskap?

Die Geskiedenis Raak Vreemd

Onverklaarbare dinge het gebeur waar hierdie boodskap ook al ’n vuur laat ontstaan het.

Op ’n lente-oggend in Palestina het ’n skare godsdienstige pelgrims wat na Jerusalem gestroom het, begin vergader rondom ’n klein groepie opgewonde, byna ligsinnige manne en vroue. ’n Woordvoerder van die klein groepie – ’n ongeleerde man met ’n plattelandse aksent – het na vore gekom en probeer verduidelik: “Regtig, mense, ons *lyk* net dronk...”

Drie duisend van die pelgrims het binne ure alles versaak om hulle aan te sluit by hierdie klein groepie godsdienstige uitgeworpenes wat aanspraak gemaak het dat hulle volgelinge van ’n tereggestelde misdadiger is.

Presies wat het daardie woordvoerder aan die skare gesê?

’n Ander jong man van hierdie afvallige groep het jare later die uitdaging aanvaar om te debatteer met sommige van die plaaslike verdedigers van die bestaande orde. Onmagtig om sy wysheid te weerlê, het sy teenstanders hom voor die nasionale regerende liggaam gesleep om sy standpunte aan te val. Hy lewer ’n kalm lesing oor die geskiedenis van die nasie – beswaarlik die materiaal wat opstande laat ontstaan – maar sy slotparagraaf is ’n bom. Die konserwatiewe, waardige

regeerders van Israel het op hulle tande begin kners. Die jong man verseël sy lot met een verdere sin. Steeds nie tevrede nadat hy gesien het hoe die klippe die lewe uit die spreker ruk nie, het een lid van die toeskouers sy lewe daaraan gewy om, op watter manier ookal, hierdie boodskap uit te roei .

Wat op aarde het daardie mense so ontstel?

Nog later het hierdie toegewyde teenstander van die nuwe sekte een van die mees kragtige voorstanders daarvan geword. Nou is dit sy beurt om te ly. Hy begin om dwarsdeur die hele ryk te reis, terwyl hy die boodskap verkondig wat hy eenmaal in bloed probeer verdrink het. Hy en 'n vriend kom in een stad aan en doen 'n onweerlegbare wonderwerk. Die inwoners wil aan hom offer as 'n god. Tog, net dae daarna sleep hulle hom uit die stad en probeer sy lewe met klippe beëindig. Hierdie reaksie is beswaarlik 'n uitsondering. Oral waar hy gaan veroorsaak hierdie lastige jong man 'n oproer!

Watter boodskap kon sulke passie uitlok?

Hulle het dit die Goeie Nuus genoem, die evangelie. Dit is 'n woord waarmee ons almal bekend is. Maar het ons regtig al gestop om die evangelie te bedink soos ons vriende uit die eerste eeu dit verkondig het?

Die Boodskap

Laat ons terugkeer na die skynbaar eenvoudige man, Petrus, wat op die dag van Pinkster die skare pelgrimgangere toegesprek het. Wat was sy boodskap?

Eerstens het Petrus 'n gedeelte uit Joël aangehaal om te verduidelik dat sy vriende se snaakse gedrag die gevolg is van 'n uitstorting van die Gees van God. Dan begin hy met sy verklaring: *"Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet - Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het*

God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word” (2:22-24).

Petrus haal 'n ander gedeelte aan, hierdie keer uit die Psalms, wat die opstanding ondersteun. Hy gaan voort: *“Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor... Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het” (2:32-33,36).*

Petrus se boodskap was 'n verkondiging van Jesus! Dit was 'n getuienis wat gelewer was met eenvoud, opregtheid en durf: *“Julle weet dat julle 'n goeie man doodgemaak het toe julle Jesus gekruisig het. Wat julle nie weet nie, is dat Hy lewe! Hy is verheerlik tot die regterhand van die Enigste Skepper van die Heelal, en selfs terwyl ons praat, heers Hy oor die skepping as die Gesalfde Een. Terloops, ons is getuies – ons weet vir 'n feit dat hierdie dinge so is.”*

Wat duisende van die toehoorders aan die hart gegryp het, was die verkondiging van *Jesus* deur die mond van een wie se lewe radikaal deur Sy opstanding verander is. 'n Lewende, verheerlikte Jesus was die hart van die boodskap!

En wat van daardie man wat sy debatteerders so woedend gemaak het – Stéfanus voor die Joodse Raad?

Na 'n opsomming van Israel se aanhoudende, rebelse handelinge teenoor God, het Stéfanus afgesluit: *“Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het” (Hand. 7:51-52).*

Die leiers was woedend, soveel so dat hulle op hulle tande gekners het. Selfs op hierdie punt, nadat hy hulle direk verantwoordelik gehou het vir die kruisiging, kon Stéfanus

moontlik nog met sy lewe daarvan afgekom het. Maar hy het olie op die vuur gegooi met hierdie plofbare stelling: *"Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan"* (vers 56). Die aanhoor hiervan het die leiers laat ontplof! Stéfanus se gebroke liggaam het binne minute in die straat gelê, en sy gees het ongeraak in die arms van Jesus gerus.

Weereens, wat was die hart van die boodskap? Wat was die krag daarvan? 'n Man, "vol van geloof en van die Heilige Gees" (Hand. 6:5) en "vol van geloof en krag" (Hand. 6:8), het verklaar dat die gekruisigde Jesus nou lewend en verheerlik aan die regterhand van God was.

En wat van daardie vervolger wat apostel geword het, Saulus van Tarsus? Wat was sy boodskap? Hoe was hy aan die een kant 'n instrument om sulke wonderlike gemeentes te laat groei en hoe het hy aan die ander kant sulke verskriklike oproer veroorsaak? Die gebeure in Listre, waar Paulus die een oomblik die inwoners moes probeer oortuig dat hy nie 'n god was nie, en homself die volgende oomblik moes terugsleep na die stad nadat hy gestenig en vir dood agtergelaat is, was 'n direkte gevolg van sy getuienis in Antiochië en Ikónium. Jode van hierdie stede het Paulus na Listre gevolg en "die skare omgepraat".

In Antiochië het Paulus in die sinagoge gestaan en verklaar: *"Want die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en deur Hom te veroordeel, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat gelees word. En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word. En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê. Maar God het Hom uit die dode opgewek. En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is sy getuies by die volk. Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word"* (Hand. 13:27-31,38).

Van die mense in Antiochië "was bly, en hulle het die Woord van die Here geprys", terwyl ander "lasterlike woorde" gespreek

en “vervolging aangeblaas” het. Dus het Paulus aanbeweeg na Ikónium. Sy boodskap daar? “*Hulle het toe 'n geruime tyd daar deurgebring en vrymoediglik gespreek in die Here.*” Regdeur die boek van Handelingte kon die apostoliese getuie nis opgesom word in hierdie woorde: “*vrymoediglik gespreek in die Here*”. Die reaksie in Ikónium was opsommend van die reaksie oral: “*En die menigte van die stad was verdeeld, en sommige het met die Jode en ander met die apostels saamgegaan*” (Hand. 14:4). En so het Paulus spoedig uitgevind hoe Stéfanus gevoel het toe die klippe begin tref het!

Opvallend Afwesig

Lees die boek Handelingte met die volgende vraag in gedagte: Wat was die boodskap? In plaas van 'n vasgelegde, teksboek metode, sal jy 'n verskeidenheid van benaderings aantref. Maar jy sal hierdie een konstante vind: 'n *vrymoedige verklaring dat Jesus lewe*. Somtyds het die sprekers 'n paar besonderhede van Sy lewe bygevoeg. Sy hemelvaart word dikwels genoem. Hulle beskryf hom as die aangestelde regter oor alle mense, as die bron van verlossing, en as die gewer van die Gees. Natuurlik het Paulus en die ander apostoliese getuies altyd “geroem in die kruis.” Nooit bied hulle 'n bloedlose evangelie aan nie! Nee, hulle verkondig “Christus en Hom as gekruisigde.” Tog, andersyds is hulle getuie nis altyd van 'n *lewende* Jesus, die Here van hierdie en elke oomblik, 'n krag wat nie geïgnoreer kan word nie!

Daar is egter 'n paar benaderings wat jy *nie* sal vind die apostels gebruik nie:

“As jy hierdie vyf stappe en daardie vier geestelike wette volg, sal jy hemel toe gaan wanneer jy sterf.” Die fokus was om te kyk na die Lam van God – nie die plan van verlossing – wat die sondes van die wêreld wegneem. Die *persoon* van Jesus was die belangrikste.

“God het 'n wonderlike plan vir jou lewe. Kyk na al die voordele wat jy sal ontvang as jy net vir Jesus as jou persoonlike Verlosser sal aanvaar.” Die apostoliese evangelie was geensins mensgesentreerd nie. Dit was deur en deur Christus-gesentreerd.

Ons dink dikwels om die voordele van Christenskap voor mense se neuse rond te swaai om hulle te oorreed om "Christus aan te neem", met die hoop dat hulle later by 'n plek van groter toewyding sal kom soos hulle geloof groei. Die apostels se benadering was verfrissend anders. Die enigste aas aan hulle hoek was Jesus Self. Dit was die wat Hom heel ingesluk het – dikwels in die aangesig van vervolging – wat daardie wonderlike leringe aangaande die goeie dinge wat ons in Christus het, ontvang het.

"Die arme Jesus staan buite die deur van jou hart, smekend om binne te kom. Kyk na Hom, so geslaan en verskeurd, en so alleen. Hoe kan jy dit hou om die deur toe te hou?" Glad nie! Ons broeders uit die eerste eeu het Jesus *nooit* as 'n bejammerenswaardige figuur voorgestel om so op ons gevoel te speel nie. Hulle het 'n oorwinnende Christus verkondig en het onvoorwaardelike oorgawe aan Hom geëis. Weer was daar 'n groter beklemtoning op wat *Jesus* uit die evangelie kry as op dit wat ons daaruit kry!

Twee Apostels Beskryf Hulle Evangelie

Dus was die evangelie van die eerste eeu nie 'n *formule* wat aanvaar moes word nie, maar 'n *Persoon* om te vertrou, lief te hê en te gehoorsaam.

Paulus skryf aan Timótheüs: "*Onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie, waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener*" (2 Tim 2:8-9). Dit is hoe Paulus sy boodskap opgesom het. "Jesus lewe ('uit die dode opgewek') en Hy heers as Koning ('uit die geslag van Dawid'). Wat gaan jy met Hom doen?"

Paulus het tot die Romeine gesprek "*om 'n dienaar van Jesus Christus onder die heidene te wees, 'n dienaar van die evangelie van God, sodat die offer van die heidene welgevallig kan wees, geheilig deur die Heilige Gees.*" Hy het bygevoeg: "*sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum...nie waar Christus alreeds bekend was nie*" (15:16,19-20). En hy sluit sy brief af met hierdie seën: "*Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my*

evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof” (16:25-26). Dit was die evangelie van Paulus: In opdrag van die Ewige Een, die verkondiging van Jesus aan mense wat Hom nie regtig geken het nie, sodat hulle kon glo en gehoorsaam, en deur so te doen ’n lewende offer te word wat vir Hom aanneemlik is.

Die boodskap was Jesus. Die reaksie was gelowige onderwerping aan Hom.

Die apostel Johannes het dit selfs meer eenvoudig opgesom. *“As ons die getuienis van die mense aanneem - die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het. Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Joh 5:9-12). Die apostoliese getuienis moet in ons harte ingaan en daar woning maak. Dit moet deur ons verstand dring! Diep in ons moet ons *Jesus Self* sien as die ewige lewe.*

Die lewende, heersende Jesus is die evangelie. Daarom sal dit nooit vir ons deug om bloot die Nuwe Testament se verkondiging van hom te analiseer sodat ons dit kan voordra aan diegene rondom ons nie.

Ons moet self by die punt kom waar ons Jesus sien!



Gesig of Vaas?

Miskien ken jy die “gesig-vaas” prentjie uit ’n sielkundeboek. Dit is die klassieke illustrasie van die probleem tussen die “figuur” en die “agtergrond”. Wanneer ons brein gekonfronteer word met ’n buitelyntekening, moet hy besluit

watter areas hy moet interpreteer as die voorwerp wat gesien word, en watter areas hy moet interpreteer as die agtergrond. Wat sien jy as jy na die prentjie hier onder kyk? Fokus op die area *binne* die lyne, dan sal jy 'n vaas sien. As jy fokus op die area *buite* die lyne, sien jy twee gesigte wat na mekaar staar. Twee mense kan op dieselfde tyd na dieselfde eenvoudige lyne kyk en op dieselfde tyd twee baie verskillende prentjies sien.

Of jy 'n vaas of twee gesigte sien, is nie van belang nie. Die dilemma van ons brein om prentjies te interpreteer kan vir ons 'n uiters belangrike besluit wat ons moet neem, illustreer. In der waarheid is dit die mees belangrike vraag wat jy ooit sal antwoord:

Wat sien jy persoonlik wanneer jy na Jesus kyk?

Die Fondasie van Openbaring

"En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: Jy is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is."

"Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?"

Daar was baie antwoorde op hierdie vraag. Vir die skare was Jesus 'n profeet, iemand wat wonders gedoen het en 'n man wat brood kon voorsien. Vir die wat polities gedink het, was Hy 'n moontlike bevryder, 'n held wat die Romeinse juk met geweld sou afgooi. Vir die godsdienstige leiers was Hy 'n gevaarlike fanatikus wat 'n bedreiging vir hulle posisie van mag en invloed ingehou het.

Jesus was nooit tevrede met die uitslag van 'n openbare meningsopname nie. Hy het 'n priemende vraag in gedagte:

"Maar wat van *julle*? Wie sê *julle* is Ek?"

Simon het met 'n verstommende antwoord vorendag gekom: "Jy is die Christus, die Seun van die lewende God." Hoe het hy daarby uitgekom? Hy het dit nie in die Sabbatskool gememoriseer of in die geskrifte van die rabbis gelees nie. Soos Jesus dit duidelik gestel het, het Simon glad nie die idee van 'n ander menslike wese ontvang nie. Inteendeel, iets bonatuurlik het beslis gebeur: die Skepper van die heelal Self het aan 'n nederige Galilese visserman hierdie insig reg uit Sy Goddelike Hart gegee. In Jesus se woorde, die Vader het dit *openbaar*.

Soos die Here Self beklemtoon het, is so 'n hemelse openbaring die fondasie waarop die hele kerk gebou is. *"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus [’n klip], en op hierdie rots [fondasie] sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."*

Die voorvereiste vir alle geestelike effektiwiteit teen die realm van Satan en vir alle geestelike outoriteit op aarde (om te 'bind' en "ontbind") is 'n openbaring van Christus wat net die Hemel self kan gee.

Nie Langer Uit 'n Wêreldse Beskouing

Daardie openbaring was die geheim agter die effektiwiteit en outoriteit van die vroeë kerk. Die openbaring van Jesus was beide die logika en die motivering agter hulle volgehoue verkondiging van Hom. Hulle het nie 'n handleiding in kerkgroei gevolg nie. Hulle het ook nie bymekaar gekom en 'n strategie uitgewerk vir wêreldewangelisasie nie. Hulle het geensins probeer om "metodes" as sulks te implimenteer nie. Dit was eenvoudig dat die opgewekte Messias, die baie lewende Seun van die baie lewende God, so 'n *realiteit* vir hulle was dat dit vir hulle "onmoontlik was om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie".

Ander het na die skrynwerker met die baard en sandale uit die agterkant van Palestina gekyk en 'n profeet of 'n politikus op grondvlak of 'n gratis ete of 'n bedreiging van sekuriteit gesien.

Maar hierdie eerste gelowiges het na Jesus gekyk met hulle geestelike oë – en *gesien*. En Petrus was nie die enigste een nie! Hulle kon almal saam met Paulus sê: *"Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie"* (2 Kor 5:16).

Tot watter gevolgtrekking het Paulus oor Jesus gekom? Luister net: *"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon"* (Kol 1:15-19).

Waar het Paulus in elke geval daardie idees gekry? Hy het dit nie aan die voete van Gamáliël gehoor nie! Hy het dit ook nie uitgewerk deur op 'n manier hierdie jong "geen skoonheid of majesteit" Nasireër wat soos die res van ons geëet, gedrink, geslaap, gesweet en doodgegaan het, met logika te ontleed nie. Nee, Paulus het die opgestane Jesus regtig *leer ken* en aan ons beskryf wat hy gesien het.

Of neem Johannes as voorbeeld. Hy kon skryf: *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense...En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon - en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid"* (Joh 1:1-5,14). Die meeste waarnemers het gesien wat Johannes sien – maar het dit nie gesien nie. Soos Johannes dit weergee: *"Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"* (Joh 1:10-11). Die Geliefde Dissipel was in staat om dieselfde sintuiglike

inligting in te neem as wat enige iemand anders ingeneem het, maar hy het iets heeltemal anders gesien. Hy het Jesus gesien!

Dan was daar die anonieme skrywer van Hebreërs. Hier was 'n man wat deur en deur bekend was met die Joodse gedagtegang, tradisies en waardes. Tog was hy in staat om ver verby die Messiaanse bespiegeling van sy tydgenote te sien: "*Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruk van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle*" (1:1-4).

"Vlees en bloed" kon *nie* hierdie waarhede aan hierdie man openbaar nie. Hy moes die *regte* Jesus ervaar het, deur die genade van God!

Het ons?

Wat Sien Jy?

Weer is dit Jesus wat vra – en hierdie keer vra Hy *ons* – "Maar *julle*, wie sê *julle* is Ek?"

Dit is tyd vir ons om eerlik te wees. Wanneer ons kyk na die eenvoudige woordprentjie van Jesus wat die dissipels vir ons skets in die evangelies, wat sien elkeen van ons persoonlik? Kyk ons na die lyne en sien slegs 'n "vaas" ('n lewelose, tog miskien pragtige voorwerp), of het ons verby die lyne gekyk en "gesigte" ('n verhouding) gesien? Niemand gaan vir jou sê, "Jy het 'n openbaring van Christus" of "Jy het dit nie". Maar wees eerlik met jouself. Deur eerlik te wees het ons niks om te verloor nie – en potensieël alles om te wen.

Wie is Jesus vir jou?

Is Hy iemand uit die geskiedenis vir jou om te oordink, of is Hy 'n lewende teenwoordigheid en realiteit in jou daaglikse bestaan?

Is Hy 'n samevoeging van stories en leerstellings, of is Hy 'n Persoon?

Is Hy opgesluit tussen 30 en 33 n.C. in jou bewustheid, of is Hy vry om jou hier en nou te beheer?

Is Hy slegs iemand om te onthou as jy die Nagmaal van die Here gebruik, of is Hy ook iemand wie se liggaam jy onderskei en wie se gemeenskap jy geniet wanneer Hy saam met jou eet en drink?

Is Sy woorde iets waaraan jy kou, of is dit iets wat jy insluk en van lewe?

Bevind Hy Hom in 'n veraf hemel anderkant Alpha Centauri, of is Hy iemand van wie jy kan sê "in Hom leef ek, beweeg ek en is ek?"

Probeer jy net harder wanneer jy versoek word, of kan jy in jou nood met vrymoedigheid in jou hart tot Sy troon van genade nader? En as jy sondig, het jy Sy reëls gebreek – of Sy hart?

Jy het die leringe van Christus, het jy ook die gedagtes van Christus?

Is Hy 'n teologies afgetrokke denkbeeld, of is Hy die Messias, die Seun van die Lewende God?

Laat ons probeer om 'n eerlike antwoord op hierdie vrae te gee, selfs al is dit nie die *regte* antwoord nie. Om voor te gee sal nie enige van ons probleme oplos nie, sal dit? Dit is die armes van gees, die hongeres en dorstiges, wat die koninkryk ontvang en versadig word.

Almal van ons wat hierdie woorde lees, sal op verskillende stadiums van ons reis wees. Hopelik het die meeste van ons 'n aanvanklike gesig van Jesus gehad. Ons het 'n opregte bewustheid van Hom as Verlosser en Here. As dit nie vir jou die geval is nie, moenie wanhoop nie! *Soek Hom*. Hy het jou gemaak en jou in die tyd en plek geplaas wat jy nou beklee sodat jy miskien sal uitreik en Hom sal vind. Hy is regtig nie so ver weg nie! (Hand 17:26-28). Jy hoef nie enige iets te bewys of te verdien nie. Jy hoef net uit te reik na die regte Jesus. Hy is alreeds besig om uit te reik na jou!

Vir die van ons wat Jesus gesien het as ons Verlosser: Laat ons nie tevrede wees om te bly op watter plato ons onself ook al bevind nie. Laat ons voortgaan tot 'n dieper kennis van Hom! Wees soos Paulus: *"Sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus"* (Fil 3:10-14).

Enigiets Anders is Drek!

Wat is jou reaksie op dit wat jy so ver gelees het? Is jy honger vir meer van Jesus? Daar is 'n noodsaaklike ingesteldheid wat ons moet openbaar as ons wil lewe in 'n voortgaande, toenemende innerlike openbaring van Hom. Paulus skets hierdie ingesteldheid net voor die gedeelte wat ons pas aangehaal het: *"Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry"* (Fil 3:7-8).

Dit is 'n wet van die Koninkryk. Ons sal Christus vind tot die mate waarin ons bereid is om enigiets anders as drek te beskou.

Soos Jesus dit gestel het, *"Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind"* (Matt 10:39). Dit klink na 'n paradoks, maar dit is waar. Die enigste manier om ware lewe van Jesus te ontvang, is om ons lewens ten volle aan Hom te gee. Ander passies, doelstellings en waardes sal 'n openbaring van Christus blokkeer. Ons het geen hoop dat Jesus ons beker sal vul as ons Hom nie 'n leë beker aanbied en Hom daarvoor vra nie.

Kom ons beskou 'n groep baie normale Christene – dit is, wat God as normaal definieer! Die kerk in Thessalonika het min van

ons voordele gehad. Hulle het ontstaan in vervolging en lyding. Paulus was slegs in staat om 'n paar weke by hulle te bly – 'n paar maande op die meeste – en hy was nie in staat om terug te keer nie. Die Thessalonicense het geen Nuwe Testament gehad nie, en ongeletterdheid en die afwesigheid van moderne drukwerk het toegang tot die Oue ook erg beperk. Die resultaat was dat hulle verward was oor sommige basiese leerstellings, veral oor die Wederkoms. In alle waarskynlikheid was Paulus nie in staat om ouderlinge daar aan te stel nie, dus was daar slegs 'n "nie-amptelike" leierskap, bestaande uit jong Christene wat gewillig was om verantwoordelikheid te neem en die kerk te lei deur die moeilike uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het.

Tog, wie kon ontken dat die Thessaloniese kerk lewend was met geestelike outoriteit en effektiwiteit in 'n ware openbaring van Jesus? Kyk na Paulus se getuienis oor hierdie kerk, geneem uit sy eerste brief aan hulle.

Die evangelie het tot hulle gekom "nie in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid" (1 Thess 1:5). Jesus het hulle oë geopen om verby die woorde van die evangelie te kyk sodat hulle dit kon waarneem in die Woord van 'n aktiewe, lewende, werkende God (2:15). Die geloof, liefde en hoop in Jesus wat hierdie Woord in hulle voortgebring het, het alreeds vrugte gedra (1:3). Hulle het die lydende, verlossende leefstyl van Jesus aangeneem; Sy lewe het hulle lewens vervang (1:6), en Sy boodskap het in hulle weerklank gevind (1:8). Ten spyte van hulle gebrek aan toerusting (wat Paulus steeds gehoop het om te voorsien – 3:10), was God Self in staat om hulle te leer deur openbaring (4:9). Paulus het volle vertroue in hulle vermoë gehad om geestelike wysheid te kon onderskei van die vervalsing van die wêreld (5:19-20). Hy kon bid dat Jesus hulle self in sy afwesigheid sterk, heilig en gereed sou maak vir Sy verskyning – en hy het verwag dat Jesus dit sou doen! (3:12-13; 5:23-24) Sy vertroue was geregverdig; teen die tyd dat hy sy tweede brief geskryf het, het die Thessalonicense se geloof en liefde steeds gegroei (2 Thess 1:3).

Kortliks, die Thessalonicense het 'n modelkerk geword (1 Thess 1:7).

Hoe het hierdie groep "minder bevoorregte" gelowiges so 'n graad van volwassenheid en hierdie geestelike statuur in so 'n kort tyd bereik? Die antwoord lê opgesluit in hulle aanvanklike ontvangs van die evangelie "...hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos" (1:9-10).

Die Thessalonicense het *weggedraai van afgode na God*. Afgodery is die besteding van ons geesdrif aan enige geskape ding met die hoop dat ons iets van waarde of betekenis in ruil sal ontvang. Hierdie kerk het Christus ontvang deur hulle beker te ledig van alle derglike afgodery.

Die enkele lewens-agenda wat hulle aanvaar het was *om die lewende en ware God te dien*. Met die aanhoor van Paulus se evangelie was hulle, soos hy, oortuig "*dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.*" Vir die Thessalonicense was Christenskap nie "brandversekering" om hulle uit die hel te hou nie; ook was dit nie 'n self-gesentreerde fokus op die seëninge wat hulle sou ontvang nie. In die evangelie het hulle 'n God van Lewe en Realiteit gesien, en van toe af het om Hom te ken en dien hulle eie persoonlike strewe na lewe en realiteit geword.

En hulle was *wagtend op Sy seun uit die Hemel – Jesus*. Hulle het goeie en getroue diensknegte geword, wie se Heer hulle voorbereid sou vind by Sy terugkeer. Hulle het die verleiding van die tydelike verwerp en hulle oë gevestig op die ewige.

Vriend, as ek en jy 'n effektiewe openbaring van Christus in ons lewens wil ontvang, en dat hierdie openbaring sal toeneem, is daar geen ander manier nie. Ons moet onself arm in die gees tot Jesus wend, honger en dors vir Sy geregtigheid. Ons moet genadeloos handel met enige area in ons lewe wat nie aan Sy heerskappy onderwerp is nie, want Hy kan nie iets vul wat ons vir onself reserveer nie. As ons na Hom toe gaan, moet ons wegdraai van enige afgodery, hetsy dit ons loopbaan, familie, besittings of stokperdjie is. Hy wil ons Alles in Alles wees!

Hy ontvang almal wat Hom op hierdie wyse wil ontvang.

"En julle sal My soek en vind as julle na My soek met julle hele hart."

Toe Paulus en Timótheüs Oor Hierdie Dinge Gedink het, Moes Hulle Stop en Met God Praat...

"Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlijkheid tot alle lydszaamheid en lankmoedigheid met blydskap, en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig - Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes" (Kol 1:9-14).

Paulus en Timótheüs het duidelik gesien dat uiterlike vrugbaarheid, groei, lydszaamheid, geduld en aanbidding vereis dat God ons eers vul "met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig". Daardie bewuswording het hulle op hulle knieë gedwing. Voor ons voortgaan om te oorweeg hoe ons persoonlike openbaring van Jesus 'n invloed op ons lewe saam as 'n kerk het, moet ons nie miskien ook eers stop en met Hom praat nie?

Die Grense of die Middelpunt?

"En Ek sê vir jou: Jy is Petrus [’n klein klip], en op hierdie massiewe rots [fondasie] – hierdie hemels gebore openbaring van wie Ek is - sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

'n Gebou word gedefinieer deur sy fondasie. Die diepte, sterkte en omvang van 'n fondasie bepaal of die struktuur wat opgerig

word, plat op die aarde sal wees of die lug in sal toring. 'n Ingenieur wat hierdie beginsel ignoreer, doen dit tot sy eie nadeel – en ook tot nadeel van beide die werksmense en die uiteindelijke bewoners van daardie gebou.

Jesus het vir ons die fondasie van die kerk gedefinieer. Hy *is* daardie fondasie. Ons persepsie van wie Hy is bepaal wie ons kan word. Dit is daardie feit wat regtig behoort te bepaal hoe ons dink en hoe ons sal funksioneer as 'n plaaslike vergadering van gelowiges.

Twee Maniere om die Plaaslike Kerk te Definieer

Waarna soek plaaslike gemeentes van gelowiges in die praktyk om hulle identiteit te bepaal? Daar is twee basiese benaderings. Ons kan probeer om ons *grense* vas te stel, of ons kan probeer om ons *middelpunt* te definieer.

Gestel daar is 'n stad vol mense. Sommige maak aanspraak om gelowiges te wees; ander nie. Dit is vir ons baie moeilik om te onderskei wie 'n ware gelowige is en wie nie; ons kan nie regtig onderskei watter van die ongelowiges "is al wit vir die oes" en watter is die "seuns van ondergang" nie. Tog besef ons Jesus begeer 'n kerk – wat dit ook al vir ons beteken – eerder as 'n hutspot van geïsoleerde individue. Wat staan ons dus te doen?

Wel, ons kan voortgaan deur 'n groep van ons bymekaar te bring en te besluit op sommige van die grense: "Reg. Hier is die kriteria vir die wat deel is van die kerk. Hier is ons riglyne vir gemeenskap. Almal aan hierdie kant van die lyn is in. Almal aan die anderkant van die lyn is uit. Julle ouens binne die lyne: julle is die kerk. So tree op soos een! En terwyl julle daarmee besig is, kyk of julle kan begin om diegene buite die lyne te onderrig sodat hulle ook kan inkom en deel van ons kan wees."

Dit klink logies – kom ons kyk egter van naderby. Hoe het sommige plaaslike gemeentes wat die "grense" benadering het, hulle riglyne vir gemeenskap gekies?

Sommige het *menslike redenasies en intellek* as die riglyn vir gemeenskap aanvaar. Hierdie gemeentes beklemtoon korrekte leerstellings, waarmee 'n willekeurige versameling

van goedgekeurde konsepte en leringe bedoel word. Die Skrifte word verdun in die suur van rasonale menslike analise, en die veronderstelde kern van Christenskap bly oor. Die kerk bestaan uit dié wat *hierdie* lering oor die Eindtye glo, *daardie* leerstelling oor kerkregering en *hierdie ander* konsep oor bekering...en so aan en so aan en so aan. Aanvaar die belydenis (geskrewe of nie) en jy is in; verskil beduidend, en jy is uit. (Trouens, verskil met genoeg punte, dan kan jou redding ernstig in gedrang wees!)

Ander het *godsdiensdige ondervindings*, wat menslike emosionele reaksie tot God beklemtoon, as hulle identifiserende karaktertrek gekies. Die "ingewydes" is hulle wat daarop aanspraak maak dat hulle 'n sekere ekstatische ondervinding gehad het, of dat hulle sekere geestelike gawes ontvang het. 'n Gebrek aan sodanige uiterlike godsdiensdige manifestasies sal, op die minste, 'n persoon se geestelikheid bevraagteken.

Nog ander groepe vind hulle identiteit in *die dade wat hulle vir God wil doen*. Wiskrag stel die grense en die groep se doel word 'n verterende passie. Die groep wil miskien die wêreld evangeliseer in een generasie, of miskien wil hulle sosiale geregtigheid laat geskied of die politieke klimaat beïnvloed. Hoe dit ook al sy, die doel word die fokus. As jy jou kan vereenselwig met en 'n positiewe bydrae maak tot daardie doel, is jy welkom. So nie...

Hierdie beskrywings is nie bedoel om hiper-krities te wees of die saak te oorvereenvoudig nie. Gewoonlik is die grense wat ons kies 'n mengsel van hierdie beklemtonings. En dit is ook raar dat enige gemeente doelbewus op hierdie wyse te werk gaan om 'n identiteit daar te stel. Maar, bewustelik of nie, het hierdie benadering ernstige gevolge.

Oplaas Verdেলend

Die probleem is nie dat leerstellings, ondervindings of goeie werke inherent verkeerd is nie; die moeilikheid begin wanneer ons dit gebruik in die definiëring van ons identiteit. Een van die mees ernstige probleme met die "grense" benadering is dat dit neig om sommige in te sluit wat nie regtig "in" is by Jesus nie, terwyl dit ander uitsluit wat Sy vreugde is!

Gestel 'n man of vrou is "geseënd" met 'n uitsonderlike sterk wil. Hulle hou daarvan om dinge gedoen te kry, en hulle vind gewoonlik 'n kreatiewe manier om suksesvol te wees. Wat gebeur as hierdie persoon godsdienstig gebruik as 'n sosiaal aanvaarbare, selfs "edele", uitlaatklep vir hierdie sterk wilskrag? Jesus het hom lief, maar totdat hy regtig *uit sy hart* die knie voor Jesus buig, sal hy nooit 'n Christen wees nie. Tog sou so 'n man in 'n onbekeerde toestand aanvaar kon word deur 'n groep gelowiges wat hulle identiteit in hulle werke vind. Hy mag selfs vorder tot op die vlak van leierskap – tot groot nadeel van die kerk.

Of dink aan 'n ander persoon, een wat Jesus *liefhed* en vir Hom lewe; sy daaglikse lewe vol geestelike vrug. Tog kan hierdie persoon nie, ten spyte van sy opregte toewyding aan Christus, sekere leerstellings van 'n spesifieke groep aanvaar nie. Hy plaas sy volle hoop in een God, dien die een Here, verlang om in een Liggaam te funksioneer, hy het die een Doop ontvang en het diep gedrink van die een Gees. Tog kan hierdie gelowige uitgesluit word deur 'n plaaslike gemeente op grond van sy onwilligheid om 'n "aanvegbare saak" heelhartig te onderskryf (Rom 14). Kan daar enigiets meer verdelend wees as 'n groep mense wat verenig rondom 'n gemeenskaplike oortuiging of praktyk, 'n onderskeidbare naam vir hulself kies, en dan optree asof hulle (ten spyte van argumente tot die teendeel) die enigste ware kerk is?

Die resultaat van die keuse van 'n willekeurige identiteit vir die plaaslike kerk, gebaseer op menslike intellek en emosies en wil, is dat daardie kerk vermeng en gefragmenteerd raak. Ons grense sal egter altyd suurdeeg insluit, en dit sal die hele deeg affekteer. Ook sal ons maniere van aanbidding mense skei wat mekaar desperaat nodig het.

In Alles Eerste

Die mees ernstige resultaat van so 'n benadering is dit: *Christus word beroof van Sy regmatige plek as die Volheid van die kerk.*

Luister asseblief na ons broeder Paulus –

Aan die Efesiërs het hy gesê: *"deurdat Hy aan ons die*

verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig" (1:9-10). En weer, "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul" (1:22-23). En weer, "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluhheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde" (4:11-16).

Aan die Kolossense het Paulus geskryf: "En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis - ek sê deur Hom - die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele" (1:18-20).

Aan die Fillipense? "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (2:9-11).

Laastens, aan die kerk in Korinte (alhoewel ons kan voortgaan om nog baie gedeeltes aan te haal!), het Paulus verklaar: "*Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel*" (2 Kor 11:2).

Sou jy saamstem dat die Vader 'n definitiewe doel in gedagte het met elke plaaslike gemeente van gelowiges? Sy verlange is om Jesus eerste te stel onder hulle. Hy brand om hulle te vul met Jesus. Hy begeer om hulle te reining van enigiets wat Jesus, hulle man, sal bedroef. Hy wil dat Jesus verheerlik word.

Hoekom? *Omdat Hy Hom so baie liefhet.* En durf ons dat enigiets anders wat ons najaag, maak nie saak hoe godsdienstig nie, daardie liefde in ons harte teenstaan?

Definieer die Groep Deur Die Middelpunt

As ons wil, sou ons kon kies om daardie gedeeltes oor Jesus as bloot posisionele waarhede te behandel. Jy weet, "Jesus is eerste in die 'onsigbare' kerk, ongeag of dit lyk of Hy die opperste heerser is in die sigbare dinge rondom my. Dit is in elk geval al wat saak maak."

Dat geen van ons dwaashede uiteindelik vir Jesus sal onttroon of Hom sal ontnem van Sy regte as Here van die Koninkryk nie, is sekerlik waar. Tog, sodra ons die regte Jesus sien in al Sy Glorie, "hoog en verhewe terwyl Sy some die tempel vul", hoe kan ons tevrede wees om Hom te beperk tot teoretiese Hoofskap oor die kerk?

Hier is een praktiese manier om Jesus te gee wat Hom toekom: Kom ons begin om die plaaslike kerk te definieer, nie deur willekeurige grense wat ons self gemaak het nie, maar deur die *middelpunt* – Jesus.

Onthou, dit is hoe Jesus Self die soort kerk gedefinieer het wat die hemel se outoriteit op aarde sou bind en ontbind, en wat nie deur die poorte van die doderyk oorweldig sou word nie. "Op hierdie rots," het Hy gesê – die rots wat Petrus se openbaring van Sy identiteit reflekteer – "sal Ek My gemeente bou."

Ons kan begin deur aan te dring dat Jesus die middelpunt van ons eie persoonlike lewens word. Ons kan oorlog verklaar teen enigiets in ons harte wat Hom teenstaan. Ons kan Hom *liefhê*. Ter wille van die evangelie kan ons in geloof alles aan Hom toevertrou – vader en moeder en vriende en grond. Ons kan verlang na 'n altyd groeiende openbaring van Jesus *aan* ons en *in* ons, terwyl ons voortdurend rus in Sy genade en voorsiening, in plaas daarvan om om eie geregtigheid te probeer bewerk.

Ons kan daardie selfde standaard vertoon aan diegene rondom ons. Ons kan die soeklig so helder as moontlik rig op die Een wat die middel- en fokuspunt van enige vergadering van Christene behoort te wees – Jesus, hulle Here. Ons kan aandrang op heelhartige toewyding aan Hom – nie 'n perfekte lewe nie, alhoewel ons dit begeer, maar 'n hart wat nie gewillig is om die standaard te verlaag om ons swakhede te akkomodeer nie.

En weet jy wat? Interessante dinge sal begin gebeur! Jesus het gesê, "En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." Daar is 'n kragtige en dwingende aantrekkingskrag na die gekruisigde Messias, die geofferde Lam op die troon, vir almal wie in hulle harte gereed is om gered te word. Wanneer Christus die lig word, word manne en vroue aangetrek soos motte na 'n kers – as hulle 'n openbaring van Hom het, of as hulle desperaat is om Hom te ken.

Daar sal ook merkbare verdeeldheid wees, want daar was nooit 'n meer "verdelende" man as Jesus nie! *"Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoondogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees"* (Matt 10:34-36). Terwyl sommige soos deur 'n magneet na Jesus aangetrek sal word, sal ander net so kragtig weggestoot word, dus sal daar verdeeldheid wees. Die groep sal sy identiteit vind in die navolging van Jesus en in die uitsonderlikheid van Sy karakter. As Jesus werklik die fokuspunt word, sal ons eie lewens saam 'n sodanige uitwerking begin hê: *"Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons*

oral versprei. Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe" (2 Kor 2:14-16).

'n Pleidooi

In hierdie bladsye het ons probeer om vir beide die individu en vir almal gesamentlik die sentraliteit van Jesus en die absolute noodsaaklikheid van ons soeke om Hom te ken en te verhoog, te beklemtoon. As enige van hierdie woorde 'n snaar in jou geroer het wat na jou Herder se stem klink, sal jy Hom verheerlik en *iets daaromtrent doen?*

"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot" (Matt 7:24-27).

"Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: Jy is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matt 16:15-18).